

KOMMUNIKAMMA



Vandag is Hervormingssondag

Godsdiens is nie net iets vir Sondae en die Kerk nie. In alles wat ons doen, moet toon dat ons 'n Christen is. **Mat. 9:42 "Wie dan aan een van hierdie geringstes net 'n beker koue water gee omdat hy My dissipel is, sal sy beloning kry, dit verseker Ek julle."**

SAKE VIR GEBED

- ** Peet Viljoen is in die hospitaal.
 - ** Dokters kan niks meer doen om Irma Loots te behandel nie. Sy is by die huis. Bid vir haar, Deon en hul familie. Hulle is vir ons 'n voorbeeld in geloof.
 - ** Bid vir almal in ons gemeente wat siek is, behandeling ontvang of moedeloos is as gevolg van hul omstandighede.
 - ** Bid vir die matrieks wat eksamen skryf. Matrieks in ons gemeente is: Marné Ackerman; Christo Grobler; Nicole Hamilton; Lizmari Hanekom; Elizabeth Lourens; Leana Maré; Soné Müller; Johann Postma; Sumari Pretorius; Marisa Smith; Contasha vd Merwe; Derik van der Merwe; Carli van Onselen en Marius van Rooyen.
 - ** Bid ook vir al die ander leerlinge wat eksamen skryf.
 - ** Bid vir al die aktiwiteite van die kwartaal en beplanning vir volgende jaar.
 - ** Ons dank die Here vir die reën wat in sekere gebiede geval het – en volhard in gebed vir die dele van ons land wat deur droogte geteister word.
 - ** Bid dat ons huwelike getrou op die Woord van God gebou sal wees, dat ons in liefde na mekaar sal omsien en mekaar sal verdra en vergewe.
 - ** **Bid baie ernstig vir skole in Suid-Afrika**
- Bid vir: Dissipline, krag en moed vir onderwysers;
Ouerbetrokkenheid;
Gebedsgroepe wat vir skole bid.
- Bid teen alles wat skole en kinders se lewens ontwig.
- **Bid saam dat die Mexikaanse regering die outonomie van inheemse gemeenskappe wat vrye teuels gegee word, sal beperk, wat die menseregte van Christen-bekeerlinge in Mexiko skend en lede van godsdienstige groepe te teister, sal beperk.**

SONDAG 27 OKTOBER 2019

08:30 Eietydse diens in kerkgebou
09:45 Kategese
10:00 Klassieke diens in kerkgebou
Hervormingsfees en 10de Maand Dankoffer
Deurdankoffer is vir Cala

Daar is Kerkbodes by die deure beskikbaar

Teebeurt vandag: Santjie v Niekerk Bybelstudie
Geen teebeurt 4 Nov as gevolg van Nagmaal

11:00 Almal is welkom om die rugby te kom saamkyk op grootskerm. Ons gaan nie braai nie. Bring net 'n piekniekmandjie en kom geniet dit saam.

15:00 Kom deel in 'n middag van lof en aanbidding saam met die Cantando@Algoa-koor van Port Elizabeth, die Jubelkoor van Jeffreysbaai, Despatch Mannekoor en van Hanlie Young se koorlede hier in ons kerkgebou. Jubelende gemeente- en koorsang (insluitend 'n massakoor) word verryk met orrel-, klavier en trompetspel. Almal is welkom. Kom soos jy is. Kom sing saam tot eer van die Here!
Toegang is gratis. 'n Kollekte sal opgeneem word om onkoste te dek.

MAANDAG 28 OKTOBER

12:45 Gebedskild in die gebedskamer.
18:30 ViA afsluitingsfees.

DINSDAG 29 OKTOBER

19:00 @Leefkerk

VRYDAG 1 NOVEMBER

MANNEBYEENKOMS

05:00 Ons vertrek vanaf Elandré Bosch, Lilylaan 68, se huis na Doxa Deo, Brymore. Trevor Jennings gaan praat oor die Nehemia visie vir ons stad.

KWARTAALPROGRAM

Hier is 'n paar belangrike datums vir die laaste kwartaal:

- Sondag 3 November om 09:00:** Gesamentlike Nagmaal en inwyding van die kerkgebou.
- Vrydag 8 November:** Gemeente se Kersmark.
- Sondag 10 November:** Hein Knoetze, wat skoolhoof was by die Driehoek skool toe die loopbrugramp plaasgevind het, kom lewer sy getuie by altwee erediens.
- Sondag 17 November om 09:00:** Gesamentlike eietydse Kerssangdiens en Kategese afsluiting.
- Sondag 24 November om 09:00:** Gesamentlike klassieke Kerssangdiens.

MTR SMIT LIEFDADIGHEID GHOLF DAG (American Four Ball Scramble)

Op Vrydag 1 November by Wedgewood Golf en Country Estate. R2000 vir 'n span van 4 sluit aandete by prysuitdeling (18:30) in. Borge vir bowwe of groenvelde gesoek. Die kindershuis is geregistreer vir 18A kwitansies. Kontak met Tanya by 041-3671103.

NG GEMEENTE LORRAINE KERSMARK 1 NOVEMBER

Kom ondersteun ons Kersmark van **17:00 – 19:30** by **Marnelaan 7, Lorraine.**

Daar is 'n wye verskeidenheid kunsvlyt, kersgeskenke, speelgoed, juwele, houtwerk, tuisgebak, ingelegde produkte, vetplante en nog baie meer.

HUIS LOUISA MEYBURGH

Die Tehuis benodig op 'n gereelde basis toiletware soos seep, skeermesse, pleisters, babapoeiers, ens. Enige bydraes kan by kerkkantoor ingehandig word. Kontakpersone is Marlene Postma (0413605243) of Ansie Vorster (041-3794169).

KERSMARK 8 NOVEMBER 16:00 – 20:00

Kraggakamma gemeente bied hierdie jaar 'n Kersmark aan. Indien jy 'n stalletjie wil hê by die mark, kontak Niekie of die kerkkantoor vir inligting.

Daar gaan 'n Witolifanttafel wees, asook 'n tweedehandse boekverkoop.

Ons is ook op soek na lidmate wat sal help bak, kosmaak en verkoop tydens die kersmark. Kontak die kerkkantoor indien jy wil help.

DIENSTE GELEWER DEUR KERKLIKE MAATSKAPLIKE DIENSTE

Die NG kerk se gespesialiseerde barmhartigheidsdienste is vanjaar aan meer as 1,2 miljoen mense gelewer. In 107 tuistes vir bejaardes word 12 388 bejaardes versorg. 'n Verdere 191 765 persone word in tuisversorging en uitreikprogramme bereik. Vanuit 58 Kinder- en Jeugsorgsentrums word 8 777 kwesbare kinders versorg. 'n Bykomende 13 000 kinders in die gemeenskap word deur kinderbeskermingsorganisasies beskerm. Jaarliks word aan meer as 822 818 individue binne en buite die familieverband, gesinsorgdienste gelewer. Die gesamentlike finansiële omset van al die kerklike maatskaplike dienste, beloop jaarliks meer as R1 161 963 000 (meer as R1,1 miljard). Hierdie is 'n enorme diens met 'n geweldige impak en uitdaging. Bid hiervoor.

KONTAKKAART

'n Groen kontakkaart waarop jy jou besonderhede kan aandui as jy 'n nuwe intrekker is, iemand in die gemeente wat siek is kan aanmeld, 'n afspraak met 'n leraar kan maak, voorbidding versoek, 'n wenk aan die hand kan doen of by die gemeente se dienswerk kan betrokke raak, is in die voorportaal beskikbaar.

Vul asseblief jou besonderhede op die kaart in en gooi dit in die bussie wat ook in die voorportaal is.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

kuberkamma@ngkraggakamma.co.za

KOM DIEN DIE HERE MET JOU GAWES

Ons het mense nodig as kerkraadslede en om te kom help by die diensterreine. Kontak enige dominee indien die Here jou lei om te kom dien met jou gawes.

Kom kuier saam met ANDRIES VERMEULEN

Plek: Hoërskool Framesby

Datum: 30 November

Tyd: 18:30

Kaartjies is **R150** per persoon.

Die funksie word gereël deur Doxa Deo gemeente.

Bring jou eie piekniekmandjie en kom geniet die aand.

Kontakpersoon: Yolandé by 041-360 8941.



Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelike Bydrae
Donasie, ens..